Breibonus

# Kerjakkertruie



STREPIESTRUI

## STREPIESTRUI

**(Foto bo)**

**BENODIGDHEDE:** *Sirdar Snuggly DK (50-g-bolle): 2(2; 3) bolle wit; 1(1; 2) bolle blou; 1(1; 2) bolle perskekleur; breinaalde van 3 mm en 3,75 mm; 7 knope.*

**MATE:** *Om borsmaat van 46(51; 53) cm te pas; ware grootte 50(54; 58) cm; synaat 14(15,5; 17) cm; lengte 23,5(26; 28,5) cm; mounaat 16,5(18; 20) cm.*

**SPANNING:** *24 steke en 38 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek met 3,75-mm-breinaalde.*

**AFKORTINGS:** *r - brei regs; aw - brei aweregs; gl - glip; gs - glipsteek; tes - tesame; grtgso - glip een steek, brei een steek regs, trek glipsteek oor; tgso - trek glipsteek oor; vermeer - vermeerder deur twee keer in dieselfde steek te brei; vermin - verminder deur twee steke saam te brei; rif - riffelsteek (= een steek regs, een steek aweregs); gvt - garing vorentoe om 'n steek te maak; W - wit; B - blou; P - perskekleur; beg - begin; vlg - volgende; alt - alternatiewe; weersk - weerskante; herh - herhaal pat - patroon; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; oorbl - oorblywende.*

**AGTER- EN VOORPANTE (aaneen gebrei tot mousgate):** Stel 129(139; 149) ste op met W en 3-mm-breinaalde, en brei 2 rye rif. Beg onewe rye met r1 en ewe rye met aw1.

**1e knoopsgatry:** Brei 3 ste rif, heg 2 ste af, brei rif tot einde.

**2e knoopsgatry:** Deurgaans rif, en stel 2 ste op oor afheg-ste van vorige ry.

Brei nog 5 rye rif.

**Vlg ry:** Brei 7 ste rif en plaas hulle op 'n stekehouer vir knoopstrook, brei rif tot laaste 7 ste, draai werk en plaas hierdie 7 ste op 'n stekehouer vir knoopsgatstrook — 115(125; 135) ste.

Slaan oor na 3,75-mm-breinaalde en brei voort in pat oor 12 rye soos volg:

**1e ry:** (W) deurgaans aw.

**2e ry:** (B) deurgaans aw.

**3e ry:** (B) *r2tes, gvt, r1, gvt, grtgso; herh van * tot einde.

**4e ry:** (B) deurgaans aw.

**5e ry:** (B) r1, *gvt, gl1, r2tes, tgso, gvt, r2; herh van * en eindig laaste herhaling met r1.

**6e ry:** (W) deurgaans aw.

**7e — 12e ry:** Soos 1e tot 6e ry, maar gebruik P in plaas van B. Brei nog 29(35; 41) rye pat.

**Verdeel vir agter- en voorpante: Vlg ry:** Brei 24(26; 29) ste pat en plaas hierdie ste op 'n reserwenaald vir linkervoorpant, heg 6 ste af, brei nog 54(60; 64) ste pat en plaas hierdie 55(61; 65) ste ook op 'n reserwenaald vir agterpant; heg nog 6 ste af, brei pat tot einde en brei oor hierdie 24(26; 29) ste vir regtervoorpant.

**Regtervoorpant: Raglanvorming:** Ver-

**Na bladsy 90**



TRUI MET SON



WOEKER MET EEN PATROON



KNOOPTRUI MET SIERPATROON




## TRUI MET SON

**(Foto op bladsy 87)**

**BENODIGDHEDE:** *Sirdar Country Style DK (50-g-bolle), 2(2; 3) bolle blou (B), 1(1; 2) bolle liggroen (LG), 1 bol elk donkergroen (DG), geel (G) en wit (W); breinaalde van 3,25 mm en 4 mm; 4 knope.*

**MATE:** *Om borsmaat van 51(56; 61) cm te pas; ware grootte 56,5(61,5; 66,5) cm; synaat 16(18; 20) cm; lengte 29(32,5; 35,5) cm; mounaat 21,5(23,5; 25,5) cm.*

**SPANNING:** *24 steke en 32 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4-mm-breinaalde.*

**AFKORTINGS:** *r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); r1a - brei regsgewys in agterkant van volgende steek; vermeer - vermeerder (deur twee keer in volgende steek te brei); vermin - verminder (deur twee steke tesame te brei); ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); gedraaide rif - gedraaide riffelsteek (= brei regsgewys in agterkant van volgende steek, brei daaropvolgende steek aweregs); RK/VK - regte/verkeerde kant; weersk - weerskante.*

**AGTERPANT:** Stel 68(74; 80) ste met 3,25-mm-breinaalde en LG op en brei 10 rye gedraaide rif.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde en ks; begin met 'n r-ry, brei 15 rye.

Heg kleure vas en knip hulle af soos benodig.

Brei patroon soos volg, deurgaans koussteek en begin met 'n aw-ry. Slegs die kleurbesonderhede word verder uiteengesit. Gebruik 'n afsonderlike bol garing vir elke kleurblok en draai garing aan agterkant ineen wanneer van kleur verwissel word, om gate te voorkom.

**1e ry:** 0(0; 2)DG, 68(74; 76) LG, 0(0; 2)DG.
**2e ry:** 0(3; 6)DG, 68LG, 0(3; 6)DG.
**3e ry:** 2(5; 8)DG, 64LG, 2(5; 8)DG.
**4e ry:** 4(7; 10)DG, 60LG, 4(7; 10)DG.
**5e ry:** 6(9; 12)DG, 56LG, 6(9; 12)DG.
**6e ry:** 8(11; 14)DG, 52LG, 8(11; 14)DG.
**7e ry:** 10(13; 16)DG, 48LG, 10(13; 16)DG.
**8e ry:** 12(15; 18)DG, 44LG, 12(15; 18)DG.
**9e ry:** 14(17; 20)DG, 40LG, 14(17; 20)DG.
**10e ry:** 17(20; 23)DG, 34LG, 17(20; 23)DG.
**11e ry:** 20(23; 26)DG, 28LG, 20(23; 26)DG.
**12e ry:** 23(26; 29)DG, 22LG, 23(26; 29)DG.
**13e ry:** 26(29; 32)DG, 16LG, 26(29; 32)DG.
**14e ry:** 29(32; 35)DG, 10LG, 29(32; 35)DG.
**15e ry:** 31(34; 37)DG, 5LG, 32(35; 38)DG.**
**16e ry:** 30(33; 36)DG, 4B, 1LG, 4B, 29(32; 35)DG.
**17e ry:** 25(28; 31)DG, 17B, 26(29; 32)DG.
**18e ry:** 23(26; 29)DG, 23B, 22(25; 28)DG.
**19e ry:** 20(23; 26)DG, 27B, 21(24; 27)DG.
**20e ry:** 19(22; 25)DG, 31B, 18(21; 24)DG.
**21e ry:** 16(19; 22)DG, 35B, 17(20; 23)DG.
**22e ry:** 15(18; 21)DG, 39B, 14(17; 20)DG.
**23e ry:** 12(15; 18)DG, 43B, 13(16; 19)DG.
**24e ry:** 11(14; 17)DG, 47B, 10(13; 15)DG.
**25e ry:** 8(11; 14)DG, 51B, 9(21; 15)DG.
**26e ry:** 7(10; 13)DG, 55B, 6(9; 12)DG.

Knip DG af en brei slegs met B voort vir 1(7; 13) ry(e).

Plaas 'n merker aan weersk van laaste ry om eindpunte van synate aan te dui.

Brei nog 42(46; 50) rye ks.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en brei 5 rye gedraaide rif. Heg rifsgewys af.

**VOORPANT:** Soos agterpant tot **, brei dan die 16e tot 21e rye soos uiteengesit vir agterpant, maar gebruik geel in plaas van blou.

**22e ry:** 15(18; 21)DG, 1B, 37G, 1B, 14(17; 20)DG.
**23ry:** 12(15; 18)DG, 4B, 35G, 4B, 13(16; 19)DG.
**24e ry:** 11(14; 17)DG, 7B, 33G, 7B, 10(13; 16)DG.
**25e ry:** 8(11; 14)DG, 10B, 31G, 10B, 9(12; 15)DG.
**26e ry:** 7(10; 13)DG, 14B, 27G, 14B, 6(9; 12)DG.
**27e ry:** 21(24; 27)B, 25G, 22(25; 28)B.

Plaas 'n merker aan weerskante van laaste ry om eindpunte van synate vir slegs die kleinste borsmaat aan te dui.

**28e ry:** 24(27; 30)B, 21G, 23(26; 29)B.
**29e ry:** 26(29; 32)B, 15G, 27(30; 33)B.
**30e ry:** 30(33; 36)B, 9G, 29(32; 35)B.

Knip G af en werk voort slegs met blou vir nog 19 rye.

Plaas 'n merker aan einde van die 0(3e, 9e) ry van dié rye om eindpunte van synate vir 56- en 61-cm-groottes aan te dui.

Brei nou die wolkie soos volg:

**1e ry:** 18(21; 24)B, heg W vas, brei dan 5W, 45(48; 51)B.
**2e ry:** 44(47; 50)B, 10W, 14(17; 20)B.
**3e ry:** 9(12; 15)B, 15W, 44(47; 50)B.
**4e ry:** 44(47; 50)B, 15W, 9(12; 15)B.
**5e ry:** Soos 3e ry.
**6e ry:** Soos 4e ry.
**7e ry:** 9(12; 15)B, 13W, 46(49; 52)B.
**8e ry:** 47(50; 53)B, 12W, 9(12; 15)B.
**9e ry:** 9(12; 15)B, 11W, 48(51; 54)B.
**10e ry:** 49(52; 55)B, 9W, 10(13; 16)B.

Knip W af en brei met B 1(11; 21) rye ks.

**Verdeel vir halsopening: Vlg ry:** aw25(28; 31), plaas dié ste op 'n reserwenaald vir regterkant van hals en skouers, aw 18, plaas dié ste ook op 'n reserwenaald en brei dan voort op laaste 25(28; 31) ste vir linkerkant.

**Linkerkant:** Vermin 1 st aan halsrand in elk van vlg 6 rye — 19(22; 25) ste. Brei 2 rye ks en plaas oorbl ste op 'n reserwenaald.

**Regterkant:** Met RK voor, heg B aan binnerand van ste op reserwenaald vas brei soos uiteengesit vir linkerkant.

**HALSSTROOK VIR VOORPANT, EN SKOUERSTROKE:** Met RK voor en 3,25-mm-breinaalde, heg B vas en r oor 19(22; 25) ste van linkerskouer, tel op en r 9 ste afwaarts oor linkerkant van halsrand, r oor 18 ste in middel voor, tel op en r 9 ste oor regterkant van halsrand, en r laastens oor die 19(22; 25) ste van regterskouer — 74(80; 86) ste altesaam.

Brei 1 ry gedraaide rif.

**Vlg (knoopsgat) ry:** Rif 6(7; 8), heg 2 ste af, rif 6(7; 8); heg 2 ste af, rif tot 17(19; 21) ste oorbly, heg 2 ste af, rif nog 6(7; 8) ste, heg 2 ste af en rif tot einde.

**Vlg ry:** Rif tot einde, stel 2 ste op oor elke 2 afgehegte ste van vorige ry.

Brei nog 2 rye rif en heg rifsgewys af.

**MOUE (2):** Stel 36(40; 44) ste met LG en 3,25-mm-breinaalde op, brei 11 rye gedraaide rif.

**Vlg (vermeer) ry:** Rif 4(2; 4), *vermeer, rif 2(3; 3); herh van * tot 5(2; 4) ste oorbly, vermeer, rif 4(1; 3) — 45(50; 54) ste.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde, brei ks en begin met 'n r-ry. Brei in streepvolgorde van 18(20; 22) rye LG, 20(22; 24) rye DG, 20(22; 24) rye B en vermeer 1 st aan weersk van 1e(5e; 9e) van hierdie rye. Vermeer aan weersk van 8(9; 9) volgende 6e rye — 64(70; 74) ste. Heg af.

**AFWERKING:** Borduur sonstrale met geel en die son se gesig met oranje. Pars werk liggies aan verkeerde kant, met 'n koel yster oor 'n droë lap. Plaas skouer- en halsstrook van voorpant oor dié van agterpant en werk dit aan sykante vas. Werk afhegrand van moue aan ry-eindes van mousgate, bokant merkers op voor- en agterpant vas. Werk sy-en mounate toe. Werk knope in posisie vas.

## BABATRUI

**(Foto links bo)**

**BENODIGDHEDE:** *150g Twilleys Lyscot Nr. 8 (150-g-bolle suiwer katoen); hekelpen van 3,50 mm; 2 bypassende knope.*

**MATE:** *Om borsmaat van 48 tot 51 cm te pas.*

**SPANNING:** *20 halflangbene en 22 halflangbeenrye = 10 x 10 cm met 3,50-mm-hekelpen.*

**AFKORTINGS:** *ks - kettingsteek; gs - glipsteek; hlb - halflangbeen; beg - begin; vlg - volgende; st(e) - steek(steke); oorbl - oorblywende.*

**Let wel:** Wanneer kleure verwissel word, draai garing aan agterkant van werk ineen om gate te vermy.

**AGTERPANT:** Hekel 'n ketting van 75 ks en draai werk.

**1e ry:** Hekel eerste hlb in 3e ks vanaf hekelpen en hekel hlb in elke ks — 74 hlb. Hekel voort in rye van hlb tot werk 27 cm lank is vanaf beg. Werk netjies af.

**VOORPANT:** Soos agterpant, maar hekel net 14 rye hlb. In vlg ry beg vuurtoringmotief in 43e st vanaf linkerrand. Hekel voort in hlb en volg diagram. Onthou dat een vierkant uit een ry en een hlb bestaan.

Hekel voort tot werk 17 cm lank is vanaf beg.

**Halsopening: Vlg ry:** Hekel oor eerste 48 ste vanaf regterrand, draai werk, en los oorbl 26 ste vir linkerskouer.

**Regterskouer:** Hekel voort oor 48 ste van regterskouer tot werk 6 cm lank is vanaf halsopening.

**Halsvorming:** Hekel hlb oor eerste 26 ste vanaf regterrand vir regterskouer, draai, en hekel voort in rye van hlb tot voorpant so lank soos agterpant is. Werk netjies af.

**Linkerskouer- en halsvorming:** Soos regterskouer, maar met vormings omgekeerd.

**MOUE (2):** Hekel 'n ketting van 42 ks en draai werk.

**1e ry:** Hekel eerste hlb in 3e ks vanaf hekelpen en hekel hlb in elke ks – 41 hlb. Hekel voort in rye van hlb en vermeer 1 hlb aan weerskante van elke 3e ry 8 keer. Hekel voort tot mou 15 cm lank is vanaf beg. Werk netjies af.

**AFWERKING:** Werk sy- en mounate toe. Werk moue in posisie vas. Hekel een rondte hlb rondom middel-, hals- en mourande. Hekel 2 knooplusse aan regterrand van halsopening in voorpant. Hekel dan een rondte soos volg oor middel-, hals- en mourande: *1 hlb, 2 ks, slaan 1 hlb oor*; herhaal rondom. Werk knope teenoor knooplusse vas.

## DIAGRAM VIR BABATRUI



## KLEURSLEUTEL

- ⊠ — pienk
- — geel
- — donkerbruin
- — swart
- — ligbruin
- — helderblou

## GEEL KORTMOUTRUI

**(Foto onder)**

**BENODIGDHEDE:** *Ongeveer 250 g geel Pingouin Nr. 5 (250-g-keëls of 50-g-bolle); hekelpen van 2 mm; breinaalde van 2,50 mm en 3 mm; 10 knope.*

**MATE:** *Om meisie van 3-4 jaar te pas.*

**SPANNING:** *20 steke en 30 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek met 3-mm-breinaalde.*

**AFKORTINGS: Brei:** *r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); herh - herhaal; tes - tesame; vlg - volgende; gl 1 awg - glip een steek aweregsgewys; rif - riffelsteek (= een steek regs, een steek aweregs); 1/1 gedraaide rif - soos gewone riffelsteek, maar steek breinaald altyd in agterkant van die regssteek; buis-st - buissteek (= oor 'n ewe aantal steke brei elke ry: * een steek regs, glip volgende steek aweregsgewys* tot einde. RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante; m1 - maak een steek; pat - patroon; vermeer - vermeerder; vermin - verminder.* **Hekel:** *kb - kortbeen.*

**SIERPATROON**

[Gebrei oor 'n ewe getal steke, deelbaar deur 4 plus 2 (randsteke)]

**1e ry:** aw tot einde.
**2e ry:** r tot einde.
**3e ry:** r 1e st (= randsteek), * aw3, (r1, m1, r1) in vlg st * herh van * tot * tot einde, maar eindig met r1 (= randsteek).
**4e en 5e ry:** Brei steke soos hulle voorkom, en in 4e ry brei gemaakte steek van vorige ry aweregs.
**6e ry:** 1 rand-st, * aw3tes, r3 *; herh van * tot * tot einde en eindig met 1 rand-st.
**7e ry:** aw tot einde.
**8e ry:** r tot einde.
**9e ry:** 1 rand-st, * aw1, (r1, m1, r1) in vlg st, aw2 *; herh van * tot * tot einde, eindig met 1 rand-st.
**10e en 11e ry:** Brei steke soos hulle voorkom, en brei in 10e ry gemaakte steek van vorige ry aweregs.
**12e ry:** 1 rand-st, * r2, aw3tes, r1 *; herh van * tot * tot einde, maar eindig met 1 rand-st.
Dié 12 rye vorm sierpatroon.

**AGTERPANT:** Stel 84 ste met 2,50-mm-breinaalde op en brei 2,5 cm gedraaide rif.

Slaan oor na 3-mm-breinaalde en patroon, maar vermeerder 10 steke in eerste ry, eweredig gespasieer.

Brei voort tot werk 25 cm lank is vanaf begin.

**Mousgatvorming:** Heg 6 ste af aan beg van vlg 2 rye.
**Raglanvorming:** Vermin aan weersk van vlg 22 RK-rye 1 st, langsaan randsteke, maar, wanneer werk 39 cm lank is moet met halsvorming begin en twee skouers afsonderlik voltooi word.
**Halsvorming:** Heg middelste 26 ste af en voltooi skouers afsonderlik.

Vermin 1 st aan halsrand elke alt ry, 5 keer.

**REGTERVOORPANT:** Stel 50 ste met 2,50-mm-breinaalde op en brei 2,5 cm gedraaide rif.

Slaan oor na 3-mm-breinaalde en brei eerste 10 ste aan voorpantrand deurgaans gedraaide rif om voorpantstrook te vorm. Brei sierpatroon oor res van steke.

Vermeer in 1e pat-ry 6 ste eweredig gespasieer oor ry.

Brei voort tot werk 25 cm lank is vanaf begin.

**Mousgat- en raglanvorming:** Soos uiteengesit vir agterpant.

Brei voort tot werk 36 cm lank is vanaf begin.

**Halsvorming:** Heg aan voorpantrand 13 steke gelyktydig af, en heg daarna nog 4 keer 2 steke aan voorpantrand af. Vermin dan 1 st elke alt ry, 6 keer.

**LINKERVOORPANT:** Soos regtervoorpant, maar met omgekeerde vorming.

Maak 'n knoopsgat by 6e steek vanaf voorpantrand, 1 cm van onder af, en nog 8 knoopsgate 4 cm uitmekaar.

**MOUE (2):** Stel 52 ste met 2,50-mm-breinaalde op en brei 2,5 cm gedraaide rif.

Slaan oor na 3-mm-breinaalde en brei pat, maar vermeer 10 ste eweredig gespasieer oor eerste pat-ry.

Brei voort tot werk 8 cm lank is vanaf begin, heg dan 6 ste af aan beg van vlg 2 rye, skuins daarna raglan af soos uiteengesit vir agterpant. Heg oorbl ste af.

**AFWERKING:** Werk sy- en mounate toe. Werk moue in mousgate vas.

Tel met 2,50-mm-breinaalde genoeg steke uit halsrand op om 'n halsstrook te brei, en brei 0,5 cm gedraaide rif.

**Vlg ry:** Brei 'n knoopsgat soos uiteengesit, in lyn met voltooide knoopsgate. Brei 4 rye buissteek, en heg af.

Hekel 1 ry kb oor voorpantrande om werk netjies af te rond, en werk knope teenoor knoopsgate vas.

BLAAI OM



GEEL KORTMOUTRUI

Verbeter jou buustelyn

Nou, danksy die opwindende ontwikkeling van Mara-Lynne Buusteroom, is daar 'n nuwe manier om jou buuste ferm te maak en te verbeter.
Mara-Lynne buusteroom is wetenskaplik geformuleer om jou te help om die vol en welgeskape buuste wat jy nog altyd wou hê, te kry. Gebruik dit en volg ons noukeurig uiteengesette oefenprogram en sien watter pragtige verskil Mara-Lynne aan jou lewe maak.

Mara-Lynne Buusteroom. By alle apteke - landwyd.

Mara-Lynne
BUUSTEROOM

Handelsnavra: Kemtrade, Posbus 244, Bergvlei 2012. Tel (011) 786-2664.



MUNDELS 11261


## Breibonus: Kerjakkertruie vir kinders

**Van bladsy 86**

min aan mousgatrand 1 st in vlg en daaropvlg alt rye tot 10(10; 11) ste oorbly.**

Brei een ry pat.

**Halsvorming: Vlg ry:** Heg 1(1; 2) ste af, brei pat tot laaste 2 ste, vermin.

Brei een ry pat, vermin dan 1 st aan weersk van vlg en daaropvlg 2 alt rye — 2 ste.

Brei een ry.

**Vlg ry:** r2tes en heg af.

**Agterpant: Raglanvorming:** Met RK van werk voor, heg regte kleur garing aan binnerand van die 55(61; 65) ste op reserwenaald vas en vermin dan 1 st aan weersk van vlg en daaropvlg alt rye tot 19(21; 21) ste oorbly.

Brei een ry. Plaas oorbl ste op 'n reserwenaald.

**Linkervoorpant: Raglanvorming:** Met RK van werk voor, heg regte kleur garing aan binnerand van die 24(26; 29) ste op reserwenaald vas, en brei soos regtervoorpant tot**.

**Halsvorming: Vlg ry:** Heg 1(1; 2) ste af; brei pat tot einde.

Vermin 1 st aan weersk van vlg en daaropvlg 2 rye — 3 ste.

Hou halsrand reguit, brei 1 ry pat en vermin dan 1st aan mousgatrand in vlg ry — 2 ste.

Brei een ry.

**Vlg ry:** r2tes en heg af.

**MOUE (2):** Stel 32(34; 36) ste met W en 3-mm-breinaalde op, brei 10 rye rif en vermeer 3(1; 4) ste eweredig oor laaste van hierdie rye — 35(35; 40) ste.

Slaan oor na 3,75-mm-breinaalde, en brei 12(6; 12) rye pat soos vir agter- en albei voorpante.

Hou pat deurlopend korrek, neem ekstra ste in pat op en vermeer 1 st aan weersk van vlg en elke daaropvlg 6e ry tot daar 47(53; 58) ste is.

Brei nog 9(3; 3) rye pat.

**Moukopvorming:** Heg 3 ste aan beg van vlg 2 rye af, vermin dan 1 st aan weersk van daaropvlg 3 rye.

Brei een ry en vermin 1 st aan weersk van vlg en daaropvlg alt rye tot 5(7; 8) ste oorbly.

Brei nog een ry en plaas oorbl ste op 'n stekehouer.

**Knoopstrook:** Met RK van werk voor, heg W vas aan binnerand van 7 ste vir linkervoorpantstrook op stekehouer, en met 3-mm-breinaalde brei 62(70; 78) rye rif soos vir middelboord van agter- en voorpante. Knip garing af en plaas ste op 'n stekehouer.

**Knoopsgatstrook:** Met VK van werk voor, heg W vas aan binnerand van 7 ste vir regtervoorpantstrook op stekehouer, en met 3-mm-breinaalde brei 5 rye rif soos vir middelboord van agter- en voorpante.

**1e (knoopsgat) ry:** Brei 3 ste rif, heg 2 ste af, brei 1 st rif.

**2e (knoopsgat) ry:** Deurgaans rif, en stel 2 ste op oor afhegste in vorige ry.

Brei nog 10(12; 14) rye rif. Herh laaste 12(14; 16) rye 3 keer en brei dan 2 knoopsgatrye nog 'n keer.

Brei nog 8 rye rif. Moenie garing afknip nie.

**Halsstrook:** Werk raglannate toe. Met RK van werk voor, brei rif met 3-mm-breinaalde en W oor 7 ste van knoopsgatstrook, tel op en r 10 ste uit halsrand van regtervoorpant, brei r oor 5(7; 8) ste van regtermou, oor 19(21; 21) ste van halsrand van agterpant, en vermeer 0(0; 2) ste eweredig oor hierdie ste; brei r oor 5(7; 8) ste van linkermou, en tel op en r 10 ste uit halsrand van linkervoorpant; brei rif oor 7 ste van knoopstrook — 63(69; 73) ste.

Brei een ry rif en brei dan die 2 knoopsgatrye nog 'n keer.

Brei nog 2 rye rif. Heg rifsgewys af.

**AFWERKING:** Werk voorpantstroke aan voorpantrande vas. Werk mounate toe. Werk knope aan.

## WOEKER MET EEN PATROON

**(Foto op bladsy 87)**

**BENODIGDHEDE:** *Fiesta Double Crepe (50-g bolle), 150(150; 200) g hoofkleur (H), vir ronde hals 1 bol kontraskleur (K); vir polokraagtrui 1(1; 2) bolle kontraskleur; vir albei truie een paar elk breinaalde van 3,25 mm en 4 mm.*

**MATE:** *Om borsmaat van 51(56; 61) cm te pas; synaat 20,5(23,5; 25) cm; lengte 32,5(36; 39,5) cm; mounaat 19,5(21,5; 25) cm.*

**SPANNING:** *24 steke en 29 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4-mm-breinaalde.*

**AFKORTINGS:** *r - brei regs; aw - brei averegs; st(e) - steek(steke); tes - tesame; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; rif - riffelsteek (= een regs, een averegs); ks - koussteek (= een ry regs, een ry averegs); gs - glipsteek; gl - glip; grtgo - glip een steek, brei een steek regs, trek glipsteek oor; weersk - weerskante; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; pat - patroon.*

**AGTERPANT:** Met 3,25-mm-breinaalde en K stel 66(72; 78) ste op en brei 12 rye rif. Vermeer 1 st aan einde van laaste ry — 67(73; 79) ste.

Knip K af en heg H vas.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde, beg met 'n r-ry en brei 2(4; 6) rye ks.

Heg kleure vas en breek dit af soos benodig en brei die 2-kleur-pat wat deurgaans ks gebrei word. Ons meld dus slegs die kleurbesonderhede.

**1e ry:** 1 H, * 5 K, 1 H; herh van * tot einde.

**2e ry:** 2 H, * 3 K, 3 H; herh van * tot 5 ste oorbly, 3 K, 2 H.

**3e ry:** 3 H, * 1 K, 5 H; herh van * tot 4 ste oorbly, 1 K, 3 H.

**4e ry:** Deurgaans H.

**5e ry:** * 1 K, 5 H; herh van * tot 1 st oorbly, 1 K.

**6e ry:** 2 K, * 3 H, 3 K; herh van * tot 5 ste oorbly, 3 H, 2 K.

**7e tot 11e ry:** Soos 5e ry terug tot 1e ry in dié omgekeerde volgorde.

**12e ry:** Deurgaans H. Knip K af en brei slegs voort met H.

Brei 36(40; 44) rye ks.

**Raglanmousgatvorming: 1e en 2e ry:** Heg 4 ste af en brei tot einde.

**3e ry:** r 1, grtgo, r tot 3 ste oorbly, r2 tes, r 1.

**4e ry:** Deurgaans H*.

Herh 3e en 4e ry 15(17; 19) keer — 27(29; 31) ste.

Plaas ste op 'n reserwenaald.

**Na bladsy 108**

## Breibonus: Kerjakkertruie vir kinders

**Van bladsy 90**

**VOORPANT:** Soos agterpant tot **

Herh 3e en 4e ry 10(11; 12) keer, daarna weer 3e ry — 35(39; 43) ste.

**Verdeel vir halsopening: Vlg ry:** aw 10(12; 14) en plaas die ste op 'n reserwenaald vir regterkant van skouer, aw 15(17; 19) en plaas die ste op 'n stekehouer vir halsstrook of polokraag; aw tot einde en brei voort op hierdie 10(12; 14) ste vir linkerkant.

**Linkerkant:** Vermin 1 st aan mousgatrand soos tevore in elk van vlg 3(4; 5) RK-rye, **terselfdertyd** vermin 1 st aan halsrand in elk van dieselfde rye — 4 ste ***

**Vlg ry:** Deurgaans aw.

**Vlg ry:** grtgo, r2 tes.

Brei oorblywende 2 ste tes en heg af.

**Regterkant:** Met RK van werk voor heg garing weer aan binnerand van ste op reserwenaald vas en brei soos uiteengesit vir linkerkant tot ***

**Vlg ry:** Deurgaans aw.

**Vlg ry:** r2 tes, r2 tes.

Brei oorblywende 2 ste tes en heg af.

**MOUE (eenders):** Met 3,25-mm-breinaalde en K, stel 36 ste op en brei 16 rye rif, vermeer 1 st aan einde van laaste ry — 37 ste.

Knip K af en heg H vas. Slaan oor na 4-mm-breinaalde en beg met r-ry, brei 2(4; 6) rye ks.

Brei 12 rye pat soos uiteengesit vir agterpant.

Brei voort in ks met H, vermeer 1 st aan weersk van vlg en daaropvlg 3(5; 7) 4e rye — 45(49; 53) ste.

Brei 13(9; 5) rye ks.

**Raglanmoukopvorming:** Brei soos vir mousgatvorming op agterpant tot 5 ste oorbly. Plaas dié ste op 'n haakspeld.

**POLOKRAAG EN HALSSTROOK:** Begin deur regterraglannaat toe te werk, dan linkermounaat slegs tot voorpant. Met RK van werk voor en 3,25-mm-breinaalde tel op en r 9(11; 13) ste afwaarts oor halsrand van voorpant, r oor die 15(17; 19) ste op stekehouer in middel van voorpant, tel op en r 9(11; 13) ste oor regterkant van halsrand op voorpant, r die 5 ste van regtermou, r daarna oor die 27(29; 31) op halsrand van agterpant — 70(78; 86) ste.

Brei 1 ry aw, daarna 5 rye rif.

**Slegs vir halsstrook:** Brei 1 ry r om 'n voulyn te vorm, brei nog 4 rye rif en heg lossies in rif af.

**Vir polokraag:** Slaan oor na 4-mm-breinaalde en brei nog 16 rye rif. Heg lossies af.

**AFWERKING:** Stoom werk liggies aan VK en werk oorbl raglannaat en halsstrook — òf polokraagnaat toe. Werk sy- en mounate toe.

Vou halsstrook dubbel na VK om en gs in posisie aan VK vas.

Vou polokraag dubbel na RK om.

## KLEUTERKNOOPTRUI MET SIERPATROON

**(Foto op bladsy 87)**

**BENODIGDHEDE:** *Ongeveer 100(100; 150) g Sirdar Snuggly DK (50-g-bolle); breinaalde van 3,25 mm en 4mm; 4 bypassende knope.*

**MATE:** *Om borsmaat van 46(51; 56) cm te pas; ware mate 48(54; 58) cm; lengte van skouers af 23(26; 28) cm; mounaat 15(20; 23) cm.*

**SPANNING:** *22 steke en 30 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4-mm-breinaalde.*

**AFKORTINGS:** *r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); tes - tesame; vermeer - vermeerder deur in voor- en agterkant van dieselfde steek te brei; vermin - verminder deur twee steke saam te brei; beg - begin; alt - alternatiewe; herh - herhaal; gvt - garing vorentoe; gr2tgo - glip een steek regsgewys, brei 2 steke tesame regs, trek glipsteek oor; grn - garing rondom naald; pat - patroon; RK - regte kant; VK -verkeerde kant; grtgo - glip een steek, brei een steek regs, trek glipsteek oor; oorbl - oorblywende; vlg - volgende; weersk - weerskante; rif - riffelsteek; ks - koussteek (= brei deurgaans een ry regs, een ry aweregs).*

**Patroonpaneel (oor 13 ste): 1e ry (RK):** r1, gvt, gr2tgo, gvt, r5, gvt, gr2tgo, gvt, r1.

**2e en elke alt ry:** Deurgaans aw.

**3e ry:** Soos eerste ry.

**5e ry:** r4, gvt, grtgo, r1, r2tes, gvt, r4.

**7e ry:** (r1, gvt, gr2tgo, gvt) 3 keer, r1.

**8e ry:** Deurgaans aw.

Hierdie 8 rye vorm patroonpaneel.

**AGTERPANT:** Stel 51(57; 63) ste met 3,25-mm-breinaalde op en brei rif soos volg:

**1e ry (RK):** r1, *aw1, r1; herh van * tot einde.

**2e ry:** aw1, *r1, aw1; herh van * tot einde.

Herh hierdie 2 rye tot werk 3 cm lank is van beg af en vermeer 1 st in middel van laaste ry — 52(58; 64) ste.



Slaan oor na 4-mm-breinaalde, beg met 'n r-ry en brei voort in ks tot werk 12(14; 15) cm lank is van beg af en eindig met 'n aw-ry.
**Raglanvorming:** Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye.
**3e ry:** r1, grtgo, r tot laaste 3 ste, r2tes, r1.
**4e ry:** Deurgaans aw.
**5e ry:** Deurgaans r.
**6e ry:** Deurgaans aw.
Herh 3e tot 6e ry nog 1(0; 0) keer, herh dan 3e en 4e ry tot 18(20; 22) ste oorbly, en eindig met 'n 4e ry. Heg af.

**LINKERVOORPANT:** **Stel 25(27; 31) ste met 3,25-mm-breinaalde op en brei 3 cm rif soos vir agterpant en vermeer 1 st in middel van 2e grootte — 25(28; 31) ste.
Slaan oor na 4-mm-breinaalde, brei voort in ks en patroonstrook soos volg:
**1e ry (RK):** r6(8; 9), brei vlg 13 ste soos eerste ry van patroonstrook, r6(7; 9).
**2e ry:** aw6(7; 9), brei vlg 13 ste soos tweede ry van patroonstrook, aw6(8; 9).
Brei voort soos gestel en hou patroonstrook deurlopend korrek tot linkervoorpant so lank soos agterpant tot by raglanvorming is, en eindig met 'n VK-ry.
**Raglan- en halsvorming:** Hou patroonstrook deurlopend korrek en brei voort soos volg:
**1e ry:** Heg 3 ste af, brei pat tot laaste 3 ste, grtgo, r1.
**2e ry:** Deurgaans aw.
**3e ry:** r1, grtgo, brei pat tot einde.
**4e ry:** Soos 2e ry.
**5e ry:** Brei pat tot laaste 3 ste, grtgo, r1.
**6e ry:** Deurgaans aw.
Herh van 3e tot 6e ry nog 1(0; 0) keer.
Vermin aan raglanrand soos tevore in vlg en elke daaropvlg alt ry, vermin **terselfdertyd** soos tevore 1 st aan halsrand in elke vlg 4e ry van vorige vermindering af tot 8(7; 7) ste oorbly.
Vermin nou soos tevore 1 st slegs aan raglanrand in elke alt ry tot 2 ste oorbly. Brei 1 ry.
**Vlg ry:** grtgo. Heg af.

**REGTERVOORPANT:** Soos linkervoorpant van ** tot **.
Slaan oor na 4-mm-breinaalde, brei voort in ks en patroonstrook soos volg:
**1e ry (RK):** r6(7; 9), brei vlg 13 ste soos eerste ry van patroonstrook, r6(8; 9).
**2e ry:** aw6(8; 9), brei vlg 13 ste soos 2e ry van patroonstrook, aw6(7; 9).
Brei voort soos gestel en hou patroonstrook deurlopend korrek tot voorpant so lank soos agterpant tot by beg van raglanvorming is, en eindig met 'n VK-ry.
**Raglan- en halsvorming:** Hou patroonstrook deurlopend korrek en brei voort soos volg:
**1e ry:** r1, r2tes, pat tot einde.
**2e ry:** Heg 3 ste af. Brei pat tot einde.
**3e ry:** Brei pat tot laaste 3 ste, r2tes, r1.
**4e ry:** Deurgaans aw.
**5e ry:** r1, r2tes, brei pat tot einde.
**6e ry:** Deurgaans aw.
Voltooi sodat dit met linkervoorpant ooreenstem, alle vormings omgekeerd.

**MOUE (2):** Stel 29(31; 33) ste met 3,25-mm-breinaalde op en brei 3 cm rif soos agterpant en vermeer 1 st in middel van laaste ry — 30(32; 34) ste.
Slaan oor na 4-mm-breinaalde, beg met 'n r-ry, brei voort in ks en vermeer 1 st aan weersk van 3e en elke daaropvlg 5e(7e; 9e) ry tot daar 42(44; 46) ste is.
Brei reguit voort tot mounaat 15(20; 23) cm lank is, en eindig met 'n aw-ry.
**Raglanvorming:** Heg 3 ste af aan beg van vlg 2 rye.
**3e ry:** r1, grtgo, r tot laaste 3 ste, r2tes, r1.
**4e ry:** Deurgaans aw.
**5e ry:** Deurgaans r.
**6e ry:** Deurgaans aw.
Herh van 3e tot 6e ry nog 0(0; 1) keer, herh dan 3e en 4e ry tot 6 ste oorbly en eindig met 'n 4e ry. Heg af.

**AFWERKING EN KNOOP- EN KNOOPSGATSTROKE:** Moenie pars nie. Werk raglan-, sy- en mounate toe.
**Knoopstrook:** Stel 7 ste met 3,25-mm-breinaalde op en brei voort in rif soos volg:
**1e ry (RK):** r2, (aw1, r1) 2 keer, r1.
**2e ry:** r1, (aw1, r1) 3 keer.
Herh hierdie 2 rye tot strook, effens gerek, pas oor linkervoorpantrand vir 'n meisie en oor regtervoorpantrand vir 'n seun, tot by middel van halsrand van agterpant. Werk knoopstrook vas namate jy vorder. Heg egalig af in rif.
**Knoopsgatstrook:** Soos knoopstrook, maar maak 4 knoopsgate, die eerste knoopsgat 1 cm vanaf onderste rand, die laaste knoopsgat 1 cm voor beg van halsvorming van voorpant en oorbl knoopsgate, eweredig gespasieer tussenin. Maak knoopsgate soos volg:
(RK) Brei 3 ste rif, grn, aw2tes, brei rif tot einde.
Werk knoopsgatstrook vas en werk kort rande van albei stroke by middel van halsrand van agterpant toe. Werk knope aan teenoorgestelde voorpantstrook vas om met knoopsgate ooreen te stem.

**L.W.:** Die koussteektruitjie kan op dieselfde manier, maar sonder sierpatroon, gebrei word. ●


kenyon wiles 3215/A